

**Skriflesing:** Psalms 1 en 2Teks: **Psalm 2:1,4**Sing- **Ps.92:1,6; Ps. 1:1,4; Ps. 2:1,5,6****Psalm 1****Psa 1:1** Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie;**Psa 1:2** maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag.**Psa 1:3** En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.**Psa 1:4** So is die goddelose mense nie, maar soos kaf wat die wind verstrooi.**Psa 1:5** Daarom sal die goddelose nie bestaan in die oordeel en die sondaars in die vergadering van die regverdiges nie.**Psa 1:6** Want die HERE ken die weg van die regverdiges, maar die weg van die goddelose sal vergaan.**Psalm 2****Psa 2:1** **Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge?****Psa 2:2** Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê:**Psa 2:3** Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp!**Psa 2:4** **Hy wat in die hemel woon, lag; die Here spot met hulle.****Psa 2:5** Dan sal Hy hulle aanspreek in sy toorn, en in sy grimmigheid sal Hy hulle verskrik:**Psa 2:6** Ek tog het my Koning gesalf oor Sion, my heilige berg.**Psa 2:7** Ek wil vertel van die besluit: Die HERE het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegeneer.**Psa 2:8** Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting.**Psa 2:9** U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot.**Psa 2:10** Wees dan nou verstandig, o konings; laat julle waarsku, o regters van die aarde!**Psa 2:11** Dien die HERE met vrees, en juig met bewing.**Psa 2:12** Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam. Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil!**Skriflesing:** Psalms 1 en 2Teks: **Psalm 2:1,4**Sing- **Ps.92:1,6; Ps. 1:1,4; Ps. 2:1,5,6**

Die boek van die Psalms, broeder en suster, is soos 'n baie groot plek wat mens binnestap. Jy stap met die Psalms die wêreld binne, dit is Psalm 2, maar voor ek die wêreld kan instap, moet ek eers dat die Psalms my eie persoonlike lewe instap. Psalm 1 stap vanoggend ons persoonlike lewe binne. Daar in my binnekamer, waar ek dikwels alleen is, word ek op twee maniere blootgestel aan dinge in my persoonlike lewe wat baie gaan saakmaak as ek met my persoonlike lewe die openbare lewe gaan binnegaan. Die

twee dinge waaraan ek my moet blootstel gaan oor die pad wat ek loop, en die toets wat ek moet maak. Loop ek 'n afdraande pad, of opdraande pad, en is ek bereid om die boom-toets in my lewe te doen. Amper weer iets van Genesis 1 soos met Adam en Eva.

\*\*\*

Afdraande paaie is mos makliker. Dit gaan maklik en vinnig, maar pasop vir daardie gevoel. Dit kan nogal misleidend wees, want 'n afdraande kan op 'n afgrond eindig. Psalm 1 beskryf die afdraande paadjie van die goddelose – eers net 'n paar klein afdraande treetjies. Die Psalm praat van hoe ek net eers die raad van die goddeloses so stukkie vir stukkie begin volg, maar dan word die afdraande erger want ek begin saamgaan op die weg van die sondaars, en voor ek my kom kry sit ek saam in die kring van die spotters.. Iemand wat op hierdie pad is, word al hoe meer verlei. Hy doen net erger en erger sonde. Eers volg hy net die *raad* van die goddeloses, dan *staan hy* met die sondaars en uiteindelik *sit hy* in die kring vna die spotters.

\*\*\*

Daarom kom dadelik by die boom-toets. Die boom-toets is waar 'n boom deur droogtes getoets word. Hoe reageer jy as jy getoets word? As ek sonder die Here se Woord hierdie lewe wil ingaan, dan sal ek geestelik doodgaan, so seker soos wat die mooiste bome sal vrek as dit nie water kry nie, maar met die Here se Woord is ek soos 'n boom wat by standhoudende water geplant is, wat groei, wat sterk staan, wat vrugte gee, waarvan die blare nie verdroog nie. So 'n mens is nie 'n liggewig nie, want dadelik wys Psalm 1 ook op geestelike liggewigte, mense wat soos kaf is, wat deur die wind rondgewaai en verstrooi word. 'n Geestelike swaargewig sal nie deur enige wind rondgewaai en verstrooi word nie. Om werklik my geestelike gewig vas te stel het nie maar net met my binnekamer te doen nie.

Psalm 2 volg nie verniet direk na Psalm 1 nie. In Psalm 2 gaan dit oor die lewe daarbuite, die openbare lewe, die lewe wat ek vanuit my binnekamer moet binnegaan. En ek sien in die wye groot wêreld die gewoel van die nasies en hoe die volke nietige dinge bedink.

Hier waar ons is, in hierdie land, op hierdie plek, deel van hierdie tyd gebeur daar geweldige dinge wat Psalm 2 vir ons op wys. Hoe die wêreld hulle heil, hulle hoop, hulle

verwagtinge aan 'n enkele sondaarmens Nelson Mandela gekoppel het en waar hy sterflike mens dood is, is dit darem nie belaglik oor hoe die wêreld te kere kan gaan nie?! Dit wat mens laat voel genoeg is nou genoeg... terwyl ons eintlik maar beleef hoe daar al méér mense is wat hulle al minder aan God steur. Hoe daar teen God opgestaan word...

\*\*\*

Dawid, die man wat agter Psalm 2 sit, het dit in sy eie klein wêreld beleef. Dawid het beleef hoe heidennasies, die Filistyne, die Moabiete, en die Arameërs saamstaan om teen God te wil opstaan. Maar dadelik besef ons, Dawid beleef meer as wat hy eintlik kan beskryf, en terselfdertyd beskryf hy meer as wat hy kan beleef. God se Woord word nie agter mense of grense, lande of tale ingeperk nie. Al skryf Dawid vir sy tyd, skryf hy oor dinge ook baie groter as sy tyd. Hy skryf al oor Jesus Christus, sonder dat hy kon weet wie Jesus Christus werklik vir ons sou wees. Hy noem Jesus God se Gesalfde. Hy praat van *die konings van die aarde staan gereed, die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde...* Hierdie Gesalfde, al sou dit eers net 'n gewone koning kon wees, die tyd sou aanloop dat dieselfde Gesalfde die Een sou wees wat uit die geslag van Juda kom, dit het Jakob vir Juda gesê – *die septer sal van Juda nie wyk nie, nóg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees...* Psalm 2 se Gesalfde is die Een wat in vers 9 kom om die nasies met 'n ysterstaf te verpletter, om hulle soos 'n erdepot stukkend te slaan.

\*\*\*

Maar geliefdes, voordat dit gebeur, word die wêreld in sy opstand teenoor die Here ook 'n al hoe duideliker mag. Jesus het daarvan ook geen geheim gemaak nie. In Markus 13, deel van Jesus se profetiese rede is dit asof dit wat Jesus daar sê, gelykluidend met Psalm 2 gesê is- en met Psalm 2 trek die lyne ook weer terug na Psalm 1. Psalm 1 is daar die regverdige wat die Here se Woord dag en nag oordink, maar direk teenoor hierdie regverdige van Psalm 1 kom Psalm 2 met die volke wat ook dink, maar hulle bedink nietige dinge. Hulle dink daarvoor om in opstand teenoor die Here te kom. Psalm 1, die laaste vers sê dat die weg van die goddelose sal vergaan, Psalm 2 se laaste vers wys ook op die opstandige konings wat op die weg sal vergaan.

Die duidelikste aansluiting tussen Psalm 1 en 2 kry ons in Psalm 1 se eerste woorde wat gaan oor die man wat werklik gelukkig is- hier staan- *welgeluksalig is die man...*(met vers 2 saamgelees)... *wie se behae in die wet van die Here is en hy oordink sy wet dag en nag...* Psalm 2 sien nie net 'n enkele mens met wie dit goed gaan nie, maar Psalm 2 eindig met klomp mense- *Welgeluksalig is almal wat by God skuil.*

Ons moet nie net Psalm 2 terugverwys na Psalm 1 nie, maar met Psalm 2 moet ons ook vorentoe gaan na wat Jesus Self in Markus 13 gesê het. Jesus praat ook van die onrus onder die volke, die gewoel van die nasies. Jesus noem dit gerugte van oorloë en oorloë self. Psalm 2 praat van konings van die aarde wat in opstand kom en leiers wat saamspan teen die Here, maar Jesus Self praat van die uiterste vorme van bandeloosheid en 'n satanistiese vryheidsug wat die hele wêreld sal beetpak.

Dan gaan dit werklik oor die hele wêreld, die Ooste en die Weste, vanuit alle windrigtings, gebeur dit, Psalm 2 praat nie verniet só in die meervoud nie, *volke... nasies...*selfs word daar gepraat van *die konings... van die aarde...*Almal wen hulle op en is besig om al wat Christelike beginsel en sedelike norm is nekom te wil draai. En onthou, u en ek, die enkel gelowige uit Psalm 1 kan niks van hierdie massa-gebeure-Psalm 2 vryspring nie. Al wat ons het, om werklik hier uit te kom is Hy wat genoem word, die Gesalfde, Jesus Christus en Hom alleen. Ons het niks en niemand anders om ons uit hierdie massa-chaos uit te haal nie.

\*\*\*

Die wêreld probeer baie dinge maar sonder die Gesalfde is dit eintlik lagwekkend. Daarom - *Hy wat in die hemel woon, lag; die Here spot met hulle...* Die Here lag oor hoe die mense vrede kan bedink, maar hulle gebruik geweld om vrede te probeer skep. Weet u, as Jesus Christus nie daarby is nie, dan lag die Here vir hulle!?! Is dit nie lagwekkend hoe mense reg en geregtigheid kan soek, maar dit sonder die Regverdige, sonder Jesus Self.

Die Here lag oor waar ons, ons geluk wil gaan soek, in dobbelsale, met die koop van lotto-kaartjies, stywe bankrekeninge, allerhande maniere hoe mense dink geld en plesier hulle werklik gelukkig kan maak, maar nooit word 'n mens waarlik salig, waarlik gelukkig as jy nie die enigste Saligmaker, Jesus Christus ken nie, en sy lewe en werke vir ons dag en nag oordink nie.

\*\*\*

Die Psalm praat van *die Here wat in die hemel woon, lag...* God is hoog verhewe, Hy staan ver uit. Hy is in die hemel. Vanaf die toring van Babel, waar mense gedink het om hulleself op te bou so hoog soos wat God is, het die verskillende tale 'n rumoer van tale begin word. Lagwekkend sou dit vir die mens self moes wees, hoe hulle mekaar skielik nie meer kon verstaan nie, en dit omdat God vir hulle lag in hulle nietige Babelse planne wat nou net 'n gebabbel geword het.

\*\*\*

Broeder en suster, hier is vir ons 'n troos opgesluit. Die feit dat God in die hemel is wys hoe die mens nie vir God belaglik kan maak nie. Hy is hoog verhewe bo al die gewoel. Jesus Christus het alle mag in die hemel en op die aarde. Maar ons moet rekening bly hou met die feit dat die dag gaan kom dat God vir goddeloses nie meer gaan lag nie. Ook hulle in die kerk. Nou nog soek mense na wêreldse vryheid, selfs kerkmense wil nie meer God se Wet as die alfa en omega oor hulle doen en late aanvaar nie. Om te aanvaar dat ons in die kerk mekaar se wagtters is, saam met die feit dat ons broeders en susters vir mekaar moet wees, het vir vandag se mens eienaardig begin word. Daar word dikwels dinge agter 'n mens se rug gedoen of gesê, dat jy waarlik geskok is om te moet besef dit is my broeder of my suster, wat dit aan my gedoen het. Of dinge van my gesê het.

As die Here ophou lag, is die eerste wat ek moet besef die Here laat Hom nie vir altyd bespot nie. Op Golgota het die wêreld geweldig teen God se Gesalfde gespot, met die komende oordeel sal dit nie weer gebeur nie. Vers 5 van Psalm 2 beskryf iets van as die gelag oor gegaan het. *Dan sal Hy hulle aanspreek in sy toorn, en in sy grimmigheid sal Hy hulle verskrik.* In God se lag is sy beker besig om vol te loop. Bewaar die dag, die laaste dag as God se beker van toorn gaan losbreek. Verskriklik sal dit wees vir hulle, terug by Psalm 1 wat soos die kaf voor God se verskriklike vuur gaan inwaai. Die

goddelose sal nie bestaan nie, hulle sal vergaan in 'n oordeel waarin hulle hulself gestort het. Wie God se Wette probeer verbreek, breek hulleself daarteen. Die Here se manier van werk is die interessantste wat daar kan wees. Sy toorn is die verskriklikste wat daar kan wees. En as die interessante en die verskriklike op die laaste dag mekaar ontmoet, die ontmoeting tussen wat moes wees, en wat nie is nie, terwyl God *altyd is wat Hy is*, dan sal die goddelose wens dat hulle eerder nie bestaan het nie.

Daarom as u vandag iets van die boom-toets u eie kon maak, en u besef dit beter as Adam en Eva rondom die eerste tuin se bome, dan is hierdie kerk vir u iets van 'n waterstroom, die Woord het hier gevloei. U lewens are moet wortels wees wat besig is om diep in God se Woord in te anker, in te groei, en verder soos dit met bome gaan so gaan dit met die regverdige in Christus geregverdig. 'n Boom groei nie oornag nie, dit vat dae en jare om waarlik te kom waar 'n uitgegroeide boom gekom het; jou geloof en die groei in jou geloof kan ook net oor jare kom, en die laaste wat met 'n boom gebeur, gebeur met u en my as ons waarlik Psalm 1 se boom wil wees. 'n Boom kan nie weghardloop nie. As daar storms kom, reën of hitte, die boom moet maar staan, waar dit staan, ingeplant om te moet bly, daar waar dit die eerste keer opgekom het.

Tegelykertyd sien die dinge raak wat God van ons verwag, staan waar God jou geplant het. Terselfdertyd is ons by Psalm 94 se palm en seder. *Die regverdige sal groei soos 'n palmboom; hy sal opgroei soos 'n seder op die Libanon.* Die verskil tussen ons en die bome is, u wat gedoop is, u is geplant in die huis, van die Here, ons moet nog altyd opgroei in die voorhawe van onse God - *wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie.* Mag dit vir 2014 ook so wees.

AMEN